

21 Oktober

**Skrifgedeelte: Filippense 3:4-14**  
**Fokusgedeelte: Filippense 3:14**

**Ek span my in om by die wenstreep te kom**

**D**ie apostel Paulus se vurige begeerte was om Jesus Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en om die vrypraak van sondeskuld van God te ontvang (Fil 14:9, 10). Dit het nie net by begeerte gebly nie. Glad nie! Soos die sportmanne van daardie tyd het hy hom ingespan om by die wenstreep te kom, sodat hy die hemelse prys kon behaal waartoe God hom geroep het in Christus Jesus (Fil 14:14). Om dit te kon doen, moes hy hom losmaak van alles wat agter is – van al sy sondige optrede toe hy die Christene so wreed vervolg het (Hand 8:3) en die Here Jesus belaster, vervolg en beledig het (1 Tim 1:13).

Ons geestelike lewe as gelowiges word in hierdie gedeelte met 'n wedren vergelyk. Die vraag is: Hoe hardloop ons? Onthou! As ons aan die wedloop van die geloof deelneem, is daar geen tyd vir luiheid of kuier, vir luiheid of koudheid op die wedrenbaan nie. Daar is net tyd vir doelgerigte inspanning en volharding. Onthou ook: Omdat Christus Jesus ons reeds syne gemaak het (3:12), kan ons die wenstreep bereik!

*Sing: Psalm 145:1, 5, 12*

*Dr. CJ Malan (Emeritus)*